# KPO NUUS / CTPA NEWS

"Let us teach by example"

Desember 2010

## MEMORANDUM AAN ALLE LEDE VAN DIE KPO

Aan die einde van nog 'n moeilike jaar in die onderwys, kan elkeen van ons as opvoeders terugkyk en onsself die vraag afvra: "Wat het ek reg gedoen en wat het ek nagelaat om reg te doen?" Dit is so maklik om andere die skuld te gee vir dit wat ons nie kon regkry nie. Dit is baie maklik om die blaam te plaas op die gebrek aan fasiliteite, oorvol klas-kamers, ongedissiplineerde leerders, geen samewerk-ing van ouers, laksheid van kollegas, ens. Al hierdie negatiewe aspekte is werklikhede, maar dit is egter belangrik dat ons die fokus liefs plaas op dit wat positief is, sodat ons 'n positiewe atmosfeer vir onsself en vir andere rondom ons skep. Dit is dus belangrik dat ons die negatiewe invloede en aspekte in ons lewens probeer omskep in positiewe idees sodat ons dit wat ons verhinder het, in die toekoms beter kan aanwend ten einde die nodige sukses te kan behaal.

Die KPO het 'n baie suksesvolle Kongres agter die rug. 'n Kongres waar daar baie positiewe aspekte aangeraak is en waaruit baie positiewe idees voortgevloei het. Die proses van amalgamasie is nog steeds aan die gang. Lede moet besef dat dit 'n proses is wat 'n tyd sal neem. Hierdie is 'n amalgamasie proses en lede van albei Unies word versoek om die proses suksesvol te laat verloop. Die amalgamasie proses is definitief in belang van die KPO en haar lede en ook vir die rol wat ons as opvoeders in die land moet en kan speel. Die aktiwiteite en werksaamhede van die KPO gaan normaalweg voort en strukture is nog volstoom aan die werk. Die KPO ondersteun nog steeds die werkplan van die huidige regering en die ideale soos vervat in die Vryheids-manifes. Die KPO sal nog steeds, soos in die verlede, voortgaan en alles in haar vermoeë doen om haar rol te speel in die nuwe Suid-Afrika.

Hiermee wil die President en Uitvoerende Bestuur van die Kaaplandse Pro-fessionele Onderwysers-unie alle opvoeders, leerders en ouers 'n Geseënde Kerstyd en 'n Voorspoedige 2011 toewens.

Van die Presidensie – KPO

---

## Nooit weer alleen in enige dissiplinêre ge-ding

**Trou aan die opdrag van `n Kongresresolusie dat meer kapasiteitsboupro-gramme aangebied word, het die**

"Let us teach by example"

# KPO NUUS / CTPA NEWS

Desember 2010

**unie begin om uit-voering daaraan te gee.**

Die eerste van dié soort werkswinkels is reeds in die Wes-Kaap aangebied en sal vroeg in die nuwe jaar in die ander provinsies aangebied word. Lede word uitgenooi om met die strukture in hul verskillende provinsies kontak te maak.

---

## ETDP SETA

**Visie**

Die FET/ TVET wil help met die verligtiging van armoede en mense se afhanklikheid van staatstoelae deur op vakleerlingskappe (learner-ships) en mentorskapprogram-me (mentorship programmes) te fokus wat die praktiese-en beroepsvaardigheidsvlakke van die jeug en volwassenes sal verbeter.

So help hulle geleenthede te skep vir skoolverlaters vanaf (graad 9 ) om vir `n beroep of ambag voor te berei.

**ABET ( AET )**

In die toekoms sal ABET nie meer net op geletterdheids-programme vir die volwassene konsentreer nie, maar ook op ontwikkelingsgeleenthede vir volwassenes binne sy veld.

**`n Uitdaging vir VOO**

`n Vorm van erkenning vir die vroeë kennis wat volwassenes in hulle werkplek opgedoen het, geniet tans aandag.

D.Stander

---

## Recognition of Prior Learning (RPL)

**The aim to give recognition and credit to formally disadvantage people for their experience, knowledge and skills in the form of a certificate after the assess-ment of outcomes has many advantages.**

It will reduce unemployment and the dependency on government grants due to better remunerations.

Therefore for the RPL- method to be successful, it is imperative to take cognisance of the economic and social circumstances of rural areas and smaller towns.

Due to the high unemploy-ment rate, finance and the lack of education is it essential that mentorships are formed and satellites established not only to help prepare the students for accredited examinations, but also to make sure they obtain the required set unit standards.

An accredited assessor, who may be a foreman, may be used to test workers in the industry for accreditation based on a portfolio made up of standardised tests, and prove of the level of knowledge and skills.

Municipalities in alliance with the Department Labour can improve and asses the workers' level of knowledge and skills. A form of certificate is issued on the outcomes reached as determined by the assessment criteria without any astronomical costs.

In referral to professionals, who suffered injustice due to the previous system or admission requirements, it is therefore essential that through the RPL-method it will be possible to address the imbalances in education experienced in the past. It will not only give them the chance to up-skill but also to better their qualifications which will improve the quality in the workplace.

SETA and HEI`s have to develop a tool which will give credit to the knowledge and skills acquired in his/her field of occupation which will credit him/her and shortens their years of study.

In conclusion to motivate and inspire people to further their studies and become lifelong learners, it is advisable that the RPL-method is linked to a window-period to ensure that lifelong learning is honoured.

D.Stander